

Hersiening

- 1 Hierdie tabel is verkeerd. Jy is gevra om die voorbeeld in die linkerkantse kolom met die toepaslike konsep in die regterkantse kolom te pas.

Voorbeelde van jaareindaansuiwerings		Toepaslike beginsel toegepas	
A	Handelsvoorraad word gereflekteer as R21 500 in die finansiële state van die vennootskap. Die handelsvoorraad sal verkoop word teen R38 700 in die volgende finansiële jaar.	1	Ondernemings-entiteitbeginsel
B	Penne en potlode aangekoop vir R250 is aangeteken as diverse uitgawes.	2	Historiese kostebeginsel
C	Die eienaar ontvang R600 000 as deel van 'n erflating. Die bedrag is nie aangeteken in die onderneming se boeke nie.	3	Omsigtigheidsbeginsel
D	Die onderneming het toerusting aangekoop vir R300 000. Die veranderde tegnologie met betrekking tot die toerusting maak dit waardeloos vir toekomstige gebruik. Die onderneming besluit om dit oor die nuttige lewensduur van 5 jaar te depresseer.	4	Paringsbeginsel
E	Die Inkomstestaats van die onderneming reflekteer die WATER EN ELEKTRISITEIT-rekening met die bedrag betaal vir 11 maande en die toevallingsbedrag.	5	Wesenlikheidsbeginsel
F	Grond en Geboue is aangeteken in die Balansstaat vir R800 000 vir die afgelope 5 jaar. Dit was onlangs teen R2.8 miljoen gewaardeer.	6	Lopende saakbeginsel

- 2 Lees die volgende uittreksel en antwoord die volgende vrae:

Vuzi Dudu is as die interne ouditeur van Decor & Design aangestel. Hy is baie opgewonde oor hierdie pos en sien uit na die uitdagings wat hy dalk sal tee kom. Hy verstaan dat die rol wat hy speel by Decor & Design belangrik en lewensbelangrik is vir die effektiewe en doeltreffende bedryf van die onderneming. Die prosesse wat hy moet onderneem sal verskeie aspekte interne ouditering moet verseker. Een belangrike aspek is die nakoming van reëls en regulasies. As interne ouditeur ondersteun hy

die interne beheer en etiese prosesse wat deur Decor & Design ingestel is. Hulle het deeglike risiko vasstelling, "tracking", teboekstelling en liassering van dokumentasie verseker, hulle kom deursigtigheid en reëls en regulasies in die argitekturele veld na en onderhou volhoubaarheid. Vuzi, wil egter 'n "state-of-the-art" rekenaarstelsel implementeer ten einde transformasie, eenvormigheid tussen die departemente en die uitskakeling van foute en teenstrydighede te verseker.

- 1 Watter organisasie moet 'n interne ouditeur by geaffilieer wees ('n lid word)?
- 2 Wat is interne ouditering?
- 3 Beskryf kortliks die rol wat interne ouditeure speel in 'n onderneming.
- 4 Waarom is interne ouditering belangrik vir Decor & Design?
- 5 Deursigtigheid en volhoubaarheid is belangrike waardes vir etiese gedrag. Verduidelik die konsepte deursigtigheid en volhoubaarheid in etiek. Noem ook en verduidelik twee ander belangrike waardes vir etiese gedrag, kortliks.
- 6 Verduidelik die konsep voldoening.
- 7 Die uittreksel praat oor etiese gedrag. Verduidelik in jou eie woorde:
 - wat 'n etiekkode is?
 - waarom 'n etiekkode?
 - wat moet ingesluit wees in 'n etiekkode?
 - die voordele en nadele om 'n etiekkode te hê
- 8 Noem en beskryf vier belangrike interne beheerprosesse wat Vuzi moet onderneem vir Decor & Design.
- 9 Stem jy saam met Vuzi dat die onderneming 'n uitstekende rekenaarsstelsel moet hê?

